Laerskool Lynnwood

Roderickweg, Lynnwood
Posbus 74929, Lynnwoodrif 0040
Tel: 012 348 8894/1306
E-pos: admin@lynnwoodlaer.co.za
www.lynnwoodlaer.co.za

LYNNIES NASKOOL

ALGEMENE INLIGTING EN VOORWAARDES

Lynnies Naskoolsentrum is UNIEK. Ons bied u top kwaliteit akademiese ondersteuning en hope pret en plesier.
Hier ervaar jou kind persoolike aandag en ‘n veilige omgewing wat hulle gemaklik en tuis laat voel, nes u dit by die huis sou doen.

Naskoolterrein

Lynnies Naskool funksioneer op die skoolterrein. Die terrein word onderverdeel sodat maats van verskillende grade van mekaar geskei word. Graad RRR – RR leerders speel op die RRR/RR kleuterskoolterrein, Gr R leerders op die Gr R Pre primêr terrein, Gaad 1 – 2 leerders speel op die Mimosaterrein en Graad 3 – 7 leerders onder op die netbalvelde en kiosk area.Daar is dus ‘n soomlose oorgang van oggend - na naskool.

Sekuriteit

U kind se veiligheid is ons prioriteit.
Ouers **moet** asseblief persoonlik hul kinders by die onderskeie Naskoolterreine kom afhaal en uitteken. Daar is uitteken registers by Gr RRR/RR en R elektroniese hekke , die Mimosa terrein afdak vir Gr 1 en 2’s en die hoofhek vir Gr 3-7 naskool kinders.
Die kode van die hek sal aan die begin van die jaar aan elke ouer deurgegee word. Skakel of Whatsapp vroegtydig indien iemand anders u kind/ers kom afhaal.

Naskool Whatsapp groepe

Whatsapp groepe word per graad gestig. Belangrike inligting word hierop geplaas. Maak asseblief seker dat u hierby inskakel.

Naskoolure

Die Naskool funksioneer stiptelik vanaf 13:00 – 17:30. Kontak u kind se naskool juffrou tydens noodgevalle. ‘n Boete van R50.00 vir elke 15 minute na 17:30 is ingestel.

Middagetes

Smaaklike middagetes word op die skoolterrein voorberei. Die weeklikse spyskaart word elke Maandagoggend op klasgroepe uitgestuur vir u kennisname en beplanning.
Versnaperings of “koekies-en-koeldrank” word om 15:30 bedien om die hongerpyne weer te stil. Dit sluit ‘n broodjie, vrug en koeldrank in.

Kleuters

Na hul oggendprogram ontvang ons maats ‘n smaaklike middagete. Die Graad RRR kleuters rus elke dag na ete tot 14:00.Graad RR en R-kleuters neem nie ‘n middagslapie nie, maar u kan wel ‘n skriftelike versoek rig indien u sou verkies dat u kleuter in die middae moet rus.
‘n Matrasfooi van R350 is betaalbaar vir ‘n slaapmatrassie . Hierdie is ‘n eenmalige betaling. Dit word gewoonlik in Feb/Maart gehef. U kleuter sal bogenoemde aankope vir sy totale Naskoolkleuterloopbaan gebruik.

Spel vorm die belangrikste deel van ons kleuters se middagprogram. Kleuters speel onder toesig van personeel in die sandput, op klimrame en by die verskillende speelstasies. Gr RR en Gr R naskoolmaats woon 1 keer per week ‘n verrykingsaktiwiteit by wat fokus op die ontwikkeling van fyn-en groot motieriese vaardighede asook luister vaardighede.

Buitemuurse aktiwiteite van kleuters
Personeel moet skriftelik in kennis gestel word indien jou kind na ‘n buitemuurse aktiwiteit geneem moet word. (Vorms word voorsien) Naskool personeel en afrigters/dosente werk saam om hierdie diens aan ouers te lewer.

Huiswerk
Huiswerk word onder streng toesig voltooi vanaf 14:00 – 15:00. Daarna is naskool personeel op terreindiens. Daar is ‘n laathuiswerk-klas beskikbaar vir leerders met buitemuurse aktiwiteite. Take moet asseblief tuis gedoen word.Graad 1 – 3 leerders skryf Donderdae diktee toets in huiswerkklasse om hulle voor te berei vir Vrydae se klastoetse. Onderwysersassistente is behulpsaam in al die grondslagfase huiswerkklasse vir addisionele ondersteuning en kontrolering van huiswerk.
Naskoolpersoneel sal alles in hul vermoë doen dat al die huiswerk by die naskool voltooi word. Ouerbetrokkenheid is egter noodsaaklik, daarom vra ons dat u gereeld u kinders se boeke nagaan.

Eksamens en toetse
‘n Eksamen studierooster word opgestel vir Graad 4 - 7 leerders ter voorbereiding vir eksamens. Naskoolleerders kry die geleentheid om onder toesig te leer en opsommings te doen. Leerders word ook voorsien van naskool oefenvraestelle voordat elke vak geskryf word. Leerders ontvang ook hersieningsvraestelle en verrykingswerkstukke ter voorbereiding van assesseringsopdragte.

Buitemuurse aktiwiteite
Die meeste aktiwiteite vind op die skoolterrein plaas. Leerders sal nie na ‘n aktiwiteit gestuur word indien die personeel nie skriftelik in kennis gestel is nie. Buitemuurse vorms word elke kwartaal aan ouers gestuur.
Leerders word na aktiwiteite gestuur maar dis hul eie verantwoordelikheid om na hul huiswerkklas terug te keer. Afrigters en dosente help wel hiermee.

Vakansieprogramme
Lynnies se Naskool spog met die BESTE vakansieprogramme in Pretoria. Die program funksioneer vanaf 07:15 – 17:30. Almal is welkom om in die pret te deel. Ingeskrewe naskoolleerders woon die program gratis by, maar indien daar ‘n buitengewone instappie gereël word en u gee toestemming dat u kind dit mag bywoon, sal daar afsonderlik daarvoor gehef word. Vroegtydige kommunikasie en toestemming sal voor die vakansie plaasvind.
Dagbesoekersfooie beloop R160 per kind per dag.
Programme is beskikbaar ongeveer 2 weke voor die vakansie.

Een-dag diens
In noodgevalle is ons net ‘n telefoonoproep ver! Ons ontvang dagbesoekers met ope arms, skakel / whatsapp Michelle Fourie dus vroegtydig om reëlings te tref. Kostes beloop R160 per dag per kind en sluit middagete en versnaperings in.

Belangrik
- Merk asseblief alle skool- en gewone klere duidelik.
    - Naskoolpersoneel sal **nie verantwoordelikheid aanvaar** vir verlore of gebreekte persoonlike besittings nie.

Naskoolfooie

Naskoolfooie is streng vooruitbetaalbaar.

Skryfbehoeftes vir die huiswerkperiode word verskaf aan Graad 1 – 3 leerders, maar Graad 4 – 7 leerders moet asseblief hul eie skryfbehoeftes voorsien.

2027 Naskoolfooie

Enkelkind	*Twee kinders*	*Drie kinders*
R1 915 per maand* vir 11 maande Totaal R21 065	R1 710 per kind / maand vir 11 maande R18 810 per kind Totaal R37 620	R1 695 per kind / maand* 11 maande R18 645 per kind Totaal R55 935

**Ongeag aantal dae van bywoning*

Betaalwyses: Maandelikse elektroniese betalings of debietorders.

Debietorders sal op die eerste werksdag van die maand aangebied word. Naskoolkostes is voor die sewende van die maand betaalbaar. Naskoolfooie is oor 11 maande betaalbaar waarvan die eerste paaiement reeds voor 7 Januarie 2027 betaalbaar is.

Bankbesonderhede

Laerskool Lynnwood, ABSA Bank, Brooklyntak, Takkode: 632 005,
Rekeningnommer: 0540 5100 75

Diensbeëindiging

Kennisgewing moet 1 maand vooruit skriftelik gegee word andersins sal u aanspreeklik gehou word vir die maand se fooie.

Ons sien uit daarna om deel van u kind se skooljaar te wees.

Naskoolgroete

Michelle Fourie
DEPARTEMENTSHOOF: NASKOOL
Selfoon: 072 913 0623
Epos: michelle.fourie@lynnwoodlaer.co.za